

**Die Laerskool Middelburg en 'n ander v Die Departementshoof: Mpumalanga
se Departement van Onderwys en andere**
[2002] JOL 10351 (T)

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

RAPPORTEERBAAR

SAAK NO: 10246/2002

DATUM: 14 November 2002

In die saak tussen:

DIE LAERSKOOL MIDDELBURG 1ste Applikant

DIE BEHEERLIGGAAM VAN DIE

LAERSKOOL MIDDELBURG 2de Applikant

en

DIE DEPARTEMENTSHOOF:

MPUMALANGA SE DEPARTEMENT

VAN ONDERWYS 1ste Respondent

DIE LUR BELAS MET ONDERWYS,

PROVINSIE MPUMALANGA 2de Respondent

DIE MINISTER VAN ONDERWYS 3de Respondent

UITSPRAAK

BERTELSMANN, R

Die eerste applikant nader hierdie hof vir die tersydestelling van die eerste respondent en sy amptenare se besluit om die laerskool tot 'n parallelmedium skool te verklaar.

Aan die einde van die jaar 2001 was die eerste applikant is die enigste openbare skool in sirkel 3 van die Nkangala streek van Middelburg, Mpumalanga wat Afrikaans as uitsluitlike onderrigmedium gebruik het. Dit is 'n openbare skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 94 van 1996.

Die tweede applikant is die beheerliggaam van die skool.

Die eerste respondent is die departementshoof van die Mpumalanga se Departement van Onderwys. Die tweede respondent is die LUR belas met onderwys van die provinsie Mpumalanga, terwyl die Minister van Onderwys die derde respondent is.

Die eerste applikant is op 28 November 2001 deur 'n sekere Mnr Zwane van die tweede respondent aangesê om 20 leerders in te skryf wat van voorneme was om vanaf die begin van die jaar 2002 in Engels by die skool onderrig te word.

Die applikant en sy verteenwoordigers het geweier om aan hierdie lasgewing te voldoen en het die ouers van die voornemende leerders, wat hulle kinders vir 'n nuwe Engelse baan wou inskryf, skriftelik in kennis gestel dat hulle aansoek om toelating geweier is omdat die skool se onderrigmedium Afrikaans was.

Dit is gemeensaak dat die skool se taalbeleid en opnamebeleid in ooreenstemming met die bepalinge van die Suid-Afrikaanse Skolewet opgestel is.

****I**** Op 14 Januarie 2002 het 'n amptenaar van die eerste respondent 'n brief aan die eerste applikant se skoolhoof oorhandig en sy magtiging om leerders tot die skool toe te laat, teruggetrek. Op 15 Januarie het die hoof van die voormelde kring, 'n sekere Mnr Mampana, in die geselskap van verteenwoordigers van verskeie politieke organisasies by die skool opgedaag en 8 leerders ingeskryf wat in Engels onderrig sou word.

Die voorsitter van die beheerliggaam, die tweede applikant, het in 'n daaropvolgende vergadering, wat deur verskeie politici toegesprek is, die standpunt gestel dat die skool die beweerde verklaring tot parallel mediumskeel nie sou aanvaar nie. Regsaksie is in die vooruitsig gestel. Die onderhawige aansoek het gevolg.

Die Nasionale Taalbeleid

In terme van artikel 6(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 94 van 1996, kan die Minister van Onderwys norme en standaarde met betrekking tot skole se taalbeleid publiseer.

'n Sodanige publikasie het in die *Staatskoerant* No 18546 van 19 Desember 1997 verskyn. Die wesenlike bepalinge van die taalbeleid soos daarin neergelê, lui soos volg:

"B. DIE BESKERMING VAN INDIVIDUELE REGTE

1. Die ouer oefen die minderjarige leerder se taalregte namens die minderjarige leerder uit. Na leerders wat meerderjarig word, word hierna as leerder, wat ook die ouer in geval van minderjarige leerders insluit, verwys.
2. Wanneer aansoek om toelating tot 'n bepaalde skool gedoen word, moet die leerder die onderrigtaal kies.
3. Waar 'n skool die taal wat die leerder gekies het, gebruik en waar daar plek in die betrokke graad beskikbaar is, moet die skool die leerder aanvaar.
4. Waar geen skool in 'n skooldistrik die verlangde taal as onderrigtaal aanbied nie, mag die leerder die provinsiale onderwysdepartement versoek om voorsiening te maak vir onderrig in

die gekose taal, en artikel 5.3.2 (*sic*) moet van toepassing gemaak word. Die provinsiale onderwys-departement moet kopieë van die versoek aan alle skole in die betrokke skooldistrik beskikbaar stel."

(Die partye is *ad idem* dat die verwysing na artikel 5.3.2 inderdaad 'n verwysing moet wees na artikel C(2).)

C. DIE REGTE EN PLIGTE VAN DIE SKOOL

(1) Onderhewig aan enige wet wat met taal in die onderwys en die Grondwetlike regte van leerders te make het, moet die bestuursliggaam van die skool die taalbeleid van die skool bepaal deur aan te stip hoe die skool veeltaligheid sal bevorder deur addisionele tale as volwaardige vakke aan te bied, of die toepassing van spesiale onderdompelings- of taalinstandhoudingsprogramme, of deur ander metodes, goedgekeur deur die provinsiale onderwysdepartemente. (Hierdie bepaling is nie van toepassing op leerders met ernstige taal- of verstandelike gestremdheid, soos deur die provinsiale onderwys-departement bepaal, nie.)

(2) Waar daar minder as 40 versoeke Grade 1 tot 6 (*sic*), of minder as 35 versoeke in Grade 7 tot 12 is vir onderrig in 'n taal in 'n bepaalde graad wat nie reeds deur 'n skool in die betrokke distrik aangebied word nie, sal die hoof van die provinsiale onderwysdepartement bepaal hoe die behoeftes van die betrokke leerders bevredig sal word, met inagneming van –

(a) die plig van die staat en die reg van die leerders in terme van die Grondwet, waarby ingesluit is;

(b) die behoefte om gelykheid te bewerkstellig,

(c) die behoefte om die gevolge van die ras-diskriminerende wette en gebruike van die verlede te herstel,

(d) praktiese uitvoerbaarheid, en

(e) die advies van die bestuursliggame en skoolhoofde van die betrokke skole.

D. DIE REGTE EN PLIGTE VAN DIE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE

1. Die provinsiale onderwysdepartement moet register hou van die versoeke van leerders vir onderrig in 'n taalmedium wat nie by skole geakkommodeer kan word nie.

2. In die geval van 'n nuwe skool, bepaal die bestuursliggaam van die skool, na raadpleging met die betrokke provinsiale owerheid, die taalbeleid van die nuwe skool in ooreenstemming met die regulasies wat in terme van Artikel 6(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, uitgevaardig is.

3. Dit is redelikerwys prakties uitvoerbaar om onderrig in 'n bepaalde onderrigtaal te voorsien as ten minste 40 leerders in Grade 1 tot 6, of 35 in Grade 7 tot 12, in 'n bepaalde graad dit in 'n bepaalde skool versoek.

4. Die provinsiale departement moet maniere en metodes om skaars menslike hulpbronne te deel, ontgin. Daar moet ook maniere en metodes ontgin word om in skole/skooldistrikte

alternatiewe taalinstandhoudings-programme, wat nie deur voorsiening/aanbieding van addisionele onderrigtaale in die leerder(s) se huistale geskied nie, aan te bied."

Dit is gemeensaak tussen die partye dat 'n laerskool as vol beskou word wanneer die verhouding van 40 leerders tot 1 onderwyser in 'n gegewe graad in 'n gegewe klas bereik word.

Die korrekte uitleg van die bogemelde regulasie, wat die enigste magtigende bepaling vir die skepping van 'n nuwe taalbaan in 'n skool in die provinsie Mpumalanga daarstel, beteken volgens die applikante dat 'n enkel medium skool slegs dan verplig kan word om 'n tweede baan te open wanneer al die ander skole in 'n skoordistrik wat die betrokke taal aanbied, in die betrokke graad die verhouding van 40 leerders tot 1 opvoeder bereik het en daar 40 leerders aansoek doen om in die eerste applikant toegelaat te word.

Die respondente betoog dat die korrekte uitleg van die hierbovermelde regulasies daarop neerkom dat dit die eerste respondent vrystaan om van 'n Afrikaansmedium skool te ver wag om 'n Engelse baan te open selfs voordat die getalleverhouding van 40 tot 1 in ander skole wat Engels as voertaal gebruik, bereik is; en selfs al is daar minder as 40 leerders vir die voorgestelde nuwe graad in die nuwe baan by die applikant.

Hierdie uitleg strook hoegenaamd nie met die uitdruklike bewoording van dié regulasie nie.

Dit is gemeensaak dat daar twee ander voormalige Afrikaans medium laerskole in die skoordistrik Nkangala No 3 geleë is, naamlik die Kanonkop Laerskool en die Dennesig Laerskool. Albei het sedert 1996 vrywillig oorgeskakel na parallelmedium onderwys en kinders opgeneem wat in Engels onderrig word.

Hierdie leerders kom feitlik sonder uitsondering uit die plaaslike swart woonbuurt.

Dit is verder duidelik dat beide hierdie skole, asook die Engelse laerskool in dieselfde skoordistrik, naamlik die Middelburg Primary School, aan die begin van die jaar 2002 verdere leerders wat onderrig in Engels verlang het, kon opgeneem het.

Die ontkenning van hierdie feit wat deur die respondente op rekord geplaas is, klink maar flou en kan in die lig van die feite wat deur die *curatrix ad litem* vasgestel het, summier verwerp word. Die respondente, en in besonder die eerste en tweede respondente en hulle amptenare moes terdeë van hierdie feit bewus gewees het toe die gewraakte besluit geneem is om die eerste applikant in 'n parallelmedium skool om te skakel. Die respondente het geen syfers vir die jare voor 2002 aan die hof voorgelê nie en hulle nie daarvoor uitgelaat wat die kapasiteit van die ander skole in die betrokke skoordistrik vanaf 1996 was nie.

Die regulasies hierbo vermeld verg egter duidelik dat die kapasiteit van skole wat die verlangde onderrigtaal aanbied, ten volle gebruik moet wees alvorens die status van 'n ander enkelmedium skool verander kan word.

Die bepalings van hierdie regulasie is verontagsaam. Dit was feitlik gemeensaak tussen die partye. Respondente het egter verskeie ander besware teen die beoogde regshulp geopper. Ter ondersteuning van 'n betoog dat die applikante te lank gewag het met die loods van die onderhawige hersieningsaansoek, sê die hoofdeponent namens die respondente, mnr John Sikhosana, o.a. die volgende:

"... the process of providing for the admission of English speaking learners to the school which catered for Afrikaans first language learners only, which commenced during 1996, was marked by inclusive and adequate consultation with the representatives of the Second Applicant and the principal of the school. They could not be convinced of such need which resulted in the first respondent on 29 October 1999 directing the first applicant, through its official Mr J Zwane, to admit English speaking Grade 1 learners ..."

Nóg die Skolewet, Wet 84 van 1996, nóg die onderhawige regulasies, magtig die respondente om 'n skool aan te sê om sy enkelmedium status te verander, tensy daar aan die vereistes in die amptelike Nasionale Taalbeleid gestel, voldoen is nie.

Die onhoudbare teenstrydige uitleg wat respondente aan die regulasie wou verleen, is tereg deur mnr Dreyer SC, wat die saak vir die respondente met groot bekwaamheid behartig het, feitlik onmiddellik en onvoorwaardelik laat vaar.

In mnr Sikhosana se beëdigde verklaring word daar verwys na die noodsaaklikheid om alle bestaande Afrikaanse enkelmedium skole na parallelmedium skole in Middelburg om te skakel uit hoofde van 'n behoefte wat vir so 'n stap sou ontstaan het:

"... as a result of the influx of workers into the feeding areas which may be described as an economic hub and a growth flashpoint. The result of this was that the demand for the English medium of instruction grew to extent which could not be accommodated by the schools which provided for such medium of instruction, namely Eastdene Combined School and Middelburg Primary School. Dennesig, Kanonkop and the first applicant have the necessary facilities to accommodate the need that arose (and still exists), which is in line with the Department's policy of utilizing existing facilities to their full extent before embarking on building new schools."

Uit die *curatrix ad litem* se verslag blyk dit egter onteenseglik dat die 24 leerders wat by die eerste applikant aan die begin van die jaar ingeskryf is, met gemak by ander skole in Middelburg geakkommodeer kon word.

Die eerste applikant het hom ook op die standpunt gestel dat die skool vol is en daarom geen leerders in 'n Engelse baan kan opneem nie. Die respondente betwis dit. Hulle wys daarop dat 'n klas in terme van die geldende maatstawwe in die onderwys in 'n laerskool slegs dan as vol beskou word wanneer die verhouding tussen leerders in een klas en die opvoeder 40 tot 1 te bowe gaan. Dit is hierdie verhouding wat hulle op die eerste applikant van toepassing maak. Terselfdertyd is dit egter duidelik dat hierdie verhouding in geen enkele een van die skole wat Engels as onderrig medium aanbied, in enige Engelse klas gedurende 2002 bereik of gehandhaaf is nie. Hierdie feit het die respondente versuim om in hul stukke te openbaar of aan te spreek. 'n Mens kan die eerste applikant nie juis verkwalik dat hy die indruk kry dat daar met dubbele maatstawwe gemeet word nie.

Dit is egter korrek dat eerste applikant nog leerders kon opneem as die amptelike formule toegepas is.

Die respondente betoog teen die bovermelde agtergrond dat die skool se toelatingsbeleid tot en met die begin van die jaar op onbillike wyse teen Engelse leerders gediskrimineer het.

Hierdie standpunt is in die lig van die departementele beleid ten aansien van die omskakeling van enkelmedium skole na parallelmedium skole onhoudbaar en in stryd met die Grondwet, wat in artikel 29(2) uitdruklik bepaal dat:

"Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie regte te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkel medium instellings, oorweeg, met inagneming van –

(a) billikheid;

(b) doenlikheid; en

(c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel."

Dit is moeilik om die inhoud van die reg op 'n enkelmedium skool te bepaal teenoor die reg om in 'n amptelike taal van 'n mens se eie keuse onderrig te ontvang. Dit is duidelik dat laasgenoemde reg die kernreg op moedertaalonderwys, of dan onderwys in die voorkeurtaal, behels. Die aanspraak op 'n instelling waarin die voorkeurtaal uitsluitlik gebruik word, moet uit die aard van die saak teen die agtergrond gesien word van die beskerming van die reg om 'n taal van eie keuse te gebruik en 'n kulturele lewe van eie keuse te lei.

Terwyl dit duidelik is dat onafhanklike onderwysinstellings deur kulturele gemeenskappe opgerig kan word met die oog op enkeltaal onderwys, is die aanspraak op enkelmedium onderwys in 'n openbare skool noodwendig gekoppel aan die doenbaarheid daarvan. Dit mag regtens gesproke 'n oop vraag wees of die beoefening van eie taal en kultuur beter bevorder word wanneer daar in die skool voorsiening vir die uitsluiting van ander kultuurgemeenskappe gemaak word al dan nie. Ek het die aangeleentheid indringend met die advokate in betoog bespreek. Die aanspraak op 'n enkelmedium instelling kan waarskynlik die beste as 'n aanspraak op emosionele, kulturele, religieuse en maatskaplik-sielkundige geborgenheid in eie kring gedefiniëer word. Mits 'n parallelmedium skool behoorlik bedryf word, kan dit kwalik betoog word dat die omskakeling van 'n enkelmedium openbare instelling na 'n parallelmedium skool *per se* wesenlik afdoen aan die aanspraak van elke kultuurgemeenskap op onderrig in sy eie amptelike taal of die taal van sy voorkeur. Die reg op 'n enkelmedium openbare onderwysinstelling is duidelik ondergeskik aan die reg wat elke Suid-Afrikaner het op onderwys in 'n sodanige instelling en moet wyk wanneer daar 'n duidelik bewese behoefte bestaan om onderwysfasiliteite met ander kultuurgemeenskappe te deel.

Dit beteken egter geensins dat 'n bestaande enkelmedium instelling goedsmoeds en sonder nakoming van die bestaande voorskrifte aangetas kan word nie. In 'n ietwat ander konteks het KRIEGLER R in *Ex parte Gauteng Provincial Legislature: In re Dispute Concerning the Constitutionality of Certain Provisions of the Gauteng School Education Bill of 1995*, 1996 3 SA 165 (Kh) op 183G [par 39] die volgende gesê:

"Taal – en by name die behoud van Afrikaans – ontlok diepgewortelde emosie. Daarom is dit lewensnoodsaaklik dat daar nugter en oorwoë gelet word op die implikasies van hierdie saak ..."

E F J Malherbe het in sy artikel *Reflections on the Education Clause in the South African Bill of Rights*, TSAR 1997 op 85 die volgende ten aansien van enkelmedium skole en artikel 29(2) van die Grondwet gesê:

"Although a right to single medium institutions did not materialize, the state has an obligation to consider all reasonable educational alternatives when it decides on how to provide education in the language of one's choice. The practicability test is also of importance in this regard. This obligation entails no guarantee, but a number of considerations militate against the state summarily dismissing the option of single medium institutions – in general, as a result of a policy decision, or in a particular instance:

- the state must consider all reasonable alternatives and when single medium institutions abound as in South Africa, their maintenance seems very reasonable ... there can be no doubt that single medium institutions are excellently suited to achieve effective compliance and it will be difficult for the state to abolish them and still prove that it is providing mother tongue education effectively ... Mother tongue education is the most powerful instrument of extending educational opportunities to all South Africans. Providing mother tongue education in single medium institutions, where practicable, merely emphasizes this truth ...

..... the importance of single medium institutions has been exaggerated and a proper balance had probably been struck in the end: there is no right to single medium institutions, but they cannot be discarded out of hand. This brings us back to the bottom line: education in the language of one's choice is a fundamental, upfront right, and even when a single medium institution proves to be impracticable in the particular instance, the obligation remains squarely on the state to provide such education, in which ever way it can justify."

(pp97 en 98)

Die eerste applikant beweer dat die opname van die nuwe leerders vir die beoogde Engelse baan, wat op 15 Januarie 2002 deur die respondente gehou is, hoogs gepolitiseer was. Die ANC parlamentslid was teenwoordig, so ook die ANC Jeugliga, verteenwoordigers van die Middelburg Munisipale Raad en die Suid-Afrikaanse Polisie, sowel as ten minste 8 persone van die eerste respondent se topbestuur. Daar is 8 kinders op daardie dag ingeskryf.

Die respondente ontken dat die proses gepolitiseer sou gewees het, maar ontken nie dat die betrokke persone teenwoordig was nie. Tydens verskeie toesprake wat daar gehou is, is die noodsaaklikheid van transformasie van die skool beklemtoon.

Uit die respondente se antwoordende eedsverklaring blyk dit duidelik dat die oogmerk van transformasie vooropgestel is, en dat die bepalings wat die toelating reël van leerders in 'n enkelmedium skool wat in 'n ander taal as die betrokke medium onderrig wil word, oor die hoof gesien is. Die uitskakeling en herstel van die gevolge van die rassediskriminasie is 'n belangrike fundamentele oogmerk van die Skolewet en die Grondwet. In hierdie verband hoef daar net na die aanhef van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 verwys te word:

"Nademaal die bereiking van demokrasie in Suid-Afrika afstand gedoen het van die voormalige onderwysstelsel wat gebaseer was op rasse-ongelykheid en –skeiding; en

NADEMAAL hierdie land 'n behoefte het aan 'n nuwe nasionale stelsel vir skole wat die onregte in onderwysvoorsiening van die verlede sal regstel, onderwys van progressief hoë gehalte aan alle leerders sal voorsien en op hierdie wyse 'n hegte fondament vir die ontwikkeling van al ons mense se talente en bekwaamhede sal lê, die demokratiese transformasie van die gemeenskap sal bevorder, rassisme en sekssisme en alle ander vorms van onregverdigte diskriminasie en onverdraagsaamheid sal bekamp, tot die uitwissing van armoede en die ekonomiese welstand van die gemeenskap sal bydra, ons verskeidenheid van kulture en tale sal beskerm en bevorder, die regte van alle leerders, ouers en opvoeders sal handhaaf, en hulle aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie, beheer en finansiering van skole in vennootskap met die Staat sal bevorder ..."

Hierdie oogmerke is ook uitdruklik deur ons howe erken. Vergelyk *Die Ferdinand Postma Hoërskool v Die Stadsraad van Potchefstroom en Andere*, 1990 3 All SA 623 (T), veral op p630 en verder; *Matukane and Others v Laerskool Potgietersrus* 1996 3 SA 223 (T).

Soos dit egter ook uit die aanhef tot die Skolewet blyk moet die verskillende kulture beskerm en bevorder word. Juis daarom is daar voorsiening vir regulasies gemaak waarvolgens enige verandering in 'n skool se status moet geskied.

'n Kommerwekkende gevolg van die eerste respondent se besluit om 'n Engelse baan in die skool te open, was eerste applikant se reaksie om die twee klasse wat voorsiening gemaak het vir leerders met spesiale onderrigbehoefte in een klas saam te voeg ten einde ruimte te skep vir die Engelse baan. Uit die *curatrix ad litem* se verslag kom dit voor asof hierdie besluit geen optimale benutting van alle klaskamers by die applikante daarstel nie.

Die saak het op 10 September 2002 die eerste keer voor my gedien. Met die nagaan van die stukke het dit my opgeval dat die respondente skaars enige aandag gegee het aan die belange van die voornemende leerders wat in die skool opgeneem sou word. Daar word feitlik niks gesê oor die persoonlike omstandighede van hierdie kinders, hoe hulle as leerders vir die eerste applikant geïdentifiseer is, hul ouers, hul Engelse taalvaardigheid, hul woonplek, hul persoonlike wense, hul ontwikkelingsgraad, hul reaksie op die opname in die skool en hul huidige aanpassing in die skoolomgewing nie. In reaksie op die applikante se stellings aangaande die kinders se vermoë om die Engelse taal te volg, word daar op hoogs oppervlakkige wyse beweer dat hulle dit voldoende baasgeraak het. Daar word heelwat meer aandag aan die verdediging van die beleidsbesluit gegee dat die skool getransformeer moet word.

Uit die houding wil dit voorkom asof die respondente in beginsel besluit het om met Afrikaans enkelmedium skole in Mpumalanga weg te doen, ten spyte van die bepalings van artikel 29(2) van die Grondwet en van die Nasionale Taalbeleid. Die optrede word klaarblyklik nie net deur die eise van praktiese noodsaak gemotiveer nie, maar in 'n veel groter mate deur die beginsel dat sodanige skole getransformeer moet word. Ek het hierdie punt tydens betoog by herhaling aan mnr Dreyer SC genoem: Dit was uiteindelik gemeensaak dat dit die benadering van die respondente is.

In die lig van hierdie feite het ek besluit om 'n kuratrise *ad litem* vir al die betrokke kinders aan te stel. Die posisie van die leerders met spesiale behoeftes het my bekommer, terwyl die moontlike effek van die verandering van die skool op Afrikaanse leerders ook aandag moes geniet. Soos reeds gesê, is daar heeltemal te min aandag aan die 24 kinders gegee wat in die brandpunt van hierdie verrigtinge gestaan het. Ek is Me Hassim dank verskuldig vir haar

deurtastende ondersoek en haar deeglik gemotiveerde aanbevelings. Sy het die moeite gedoen om met die kinders en hul ouers te konsulteer en om die beskikbare onderwysgeriewe by beide die eerste applikant asook die ander skole in Middelburg deeglik te ondersoek.

Uit die kuratrise se verslag blyk dit duidelik dat:

1. daar ten tye van die toelating van die 24 nuwe leerlinge in 'n Engelse baan by die eerste applikant voldoende ruimte by ander skole bestaan het;
2. die 24 leerders redelik goed by die eerste applikant aangepas is, maar steeds 'n na binne gekeerde groepie vorm;
3. die eerste applikant 'n uitstekende skool is;
4. dat die leerders kwaliteitsonderrig daar ontvang;
5. hul ouers hulle graag in die skool wil hou;
6. dat dit nie in die kinders se beste belang sou wees om na ander skole oorgeplaas te word nie en dat dit dus in die kinders se beste belang sou wees om by die skool te bly;
7. dat dit in die leerders se beste belang sou wees om 'n Engelse baan by die eerste applikant in te stel, ongeag die administratiewe gebreke waaronder die proses tot dusver gebukkend gegaan het.

Reeds voordat ek die kuratrise se verslag ontvang het, het ek die partye versoek om verdere betoë oor die volgende vrae voor te berei:

1. Sou die hof by magte wees om in terme van artikel 28(2) van die Grondwet die onregmatige verklaring van die eerste applikant tot parallelmedium skool oor die hoof te sien?
2. Wat is die implikasies van 'n bevinding dat die onregmatige verklaring van die eerste applikant tot parallelmedium skool oor die hoof gesien word?
3. Welke feitlike bewyse behoort daar te bestaan voordat 'n hof kan bevind dat hulle voortgesette skoolopleiding by die eerste applikant in die beste belang van die leerders in die Engelse baan is?

Ek het hierdie vrae gestel omdat ek *prima facie* die mening toegedien was dat die respondente se administratiewe optrede soos hierintevore geskets, onregmatig was. Dié feit het gedurende die betoog op die tweede verhoordag spoedig gemeensaak geword.

Artikel 28(2) van die Grondwet, Wet 108 van 1996, lees soos volg:

"'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak."

Ons howe het in die jongste tyd by herhaling beklemtoon dat daar praktiese inhoud aan hierdie fundamentele reg verleen moet word:

Minister of Welfare and Population Development v Fitzpatrick and Others 2000 (3) SA 422 (KH) (2000) (7) BCLR 713 (KH);

Andrews v Narodien 2002 (1) SASV 336 (K) (2002 (3) SA 500 (C));

Girdwood v Girdwood 1995 4 SA 698 (K), op 708J-709A;

Lubbe v Du Plessis 2001 (4) SA 57 (K);

In re Moatsi se Boedel 2002 (4) SA 712 (T);

Sondlup v Tondelli and Another 2001 1 SA 1171 (KH) op 183D en verder;

S v Nkosi 2002 (1) SASV 135 op 144c en verder.

Dit spreek vanself dat die bepalings van artikel 28(2) van die Grondwet direk van toepassing is op die onderwys en elke situasie waarin 'n leerder hom mag bevind.

Uit die kuratrise se verslag, wat met enkele uitsonderings deur die partye as korrek aanvaar is, blyk dit dat die volgende belange van die 24 leerders geraak sou word indien hulle nie langer by eerste applikant sou kan skoolgaan nie:

1. Die eerste applikant is waarskynlik die beste laerskool in Middelburg;
2. Dit geld beide sy akademiese prestasies asook sy sport- en kulturele aktiwiteite;
3. 'n Gedwonge wegwysing van die 24 leerders in die Engelsprekende klas sou 'n negatiewe invloed op hulle hê;
4. Hulle mag verwerp voel nadat hulle dwarsdeur die jaar onseker oor hulle posisie was;
5. Hulle het intussen hegte vriendskappe met hulle klasmaats gevorm;
6. Die eerste applikant is die naaste laerskool aan hulle woonplekke.

Hierdie is gewigtige oorwegings, maar dit sal beteken dat, as daar 'n Engelse baan by die eerste applikant ingestel moet word, die skool ten minste twee addisionele klaskamers moet kry voordat die huidige 24 leerders in die Engelse baan Graad 7 bereik. Die eerste en tweede respondente was bereid om by wyse van 'n algemene onderneming te belowe dat alles vir die kinders gedoen sal word wat nodig is, maar was nie bereid om toe te stem tot 'n bevel dat addisionele klaskamers gebou moet word nie. (Die onderneming wat deur die respondente gegee is, is deur die applikante ernstig bevraagteken omdat hulle beweer dat die respondente versuim het om Engelse leermateriaal vir die 24 kinders beskikbaar te stel. Die applikante verklaar dat die tweede applikant uiteindelik uit eie fondse gedurende April 2002 die nodige skoolboeke aangeskaf het. Hierdie feit kan nie werklik betwis word nie.)

Uit die kuratrise se verslag blyk dit egter ook dat die ander skole waarheen die 24 leerders oorgeplaas sou moes word indien die hof die eerste applikant se omskepping in 'n parallelmedium skool tersyde sou stel, moontlik ook binnekort probleme met beskikbare spasie mag ondervind.

Oor die algemeen is dit duidelik dat die betrokke 24 leerders se belange die beste gedien sou word deur die skepping van 'n Engelse baan by die eerste applikant toe te laat.

Wat die leerders met spesiale behoeftes betref, is daar slegs 20 van hulle in die huidige klas oor en sal daar, al is dit met 'n mate van addisionele moeite, voldoende voorsiening vir hulle in die nuwe jaar gemaak kan word. Die eerste applikant is nie een van die skole waarin die beoogde inklusiewe benadering tot leerders met spesiale onderwysbehoefte getoets sal word nie, sodat hulle vir die afsienbare toekoms in 'n afsonderlike klas by die eerste applikant onderrig sal kan word. Die eerste en tweede respondente het onderneem om die bestaande klas nie te sluit nie. Die hof sal hierdie leerders se posisie so ver moontlik beskerm.

Die leerders in die Afrikaanse baan sal die eksklusiwiteit van 'n Afrikaanse skool ontbeer indien die respondente se besluit nie tersyde gestel word nie, en sal waarskynlik vind dat hul klasse ietwat voller word. Daar is egter geen aanduiding dat hulle beoefening van die Afrikaanse taal en kultuur, of hulle akademiese of sportprestasies deur hierdie stap benadeel sal word nie, mits die verhouding van 40 tot 1 natuurlik nie oorskry word nie.

In die lig van die voorgaande moet die hof die belange van die eerste applikant, en in besonder sy reg op billike administratiewe optrede wat onteenseglik deur die respondente geskend is, opweeg teen die belange van die leerders wat deur die optrede van die respondente in hierdie onverkwiklike dispuut ingesleep is.

Dit is al dikwels beklemtoon dat daar geen rangorde van fundamentele regte bestaan nie, vergelyk *Van Zyl and Another v Jonathan Ball Publishers (Pty) Ltd and Others* 1999 4 SA 571 (W) op 591H en die gesag daar aangehaal.

Alhoewel die applikante betoog het dat artikel 28(2) geen fundamentele reg skep nie, maar bloot voorrang verleen aan 'n kind in die opweging van botsende belange, is ek die mening toegedaan dat artikel 28(2) inderdaad die fundamentele reg van elke kind vestig om in die opweging van strydende partye se botsende belange – en dus ook die strydende partye se aansprake op fundamentele regte en die handhawing daarvan – in die eerste gelid te staan.

Hoe onbevredigend dit ook uit die oogpunt van die applikante mag wees, moet hulle belange terugstaan voor dié van die minderjariges.

In hierdie verband moet ek dit onderstreep dat die applikante lank gewag het voordat hierdie saak voor die hof geplaas is. Inderdaad het dit feitlik nege maande geduur nadat die kinders in die skool opgeneem is voordat die aangeleentheid die eerste keer voor my gedien het. Tereg het die respondente die vertraging en verweer teen die aansoek geopper. Die applikante het 'n *bona fide* verduideliking vir die vertraging aan die hof voorgelê, maar kan nie ontken dat die 24 leerders intussen 'n onteenseglike belang ontwikkel het om ook in die toekoms leerders van die eerste applikant te bly.

Indien hierdie aansoek voor my gedien het op die dag waarop die eerste en tweede respondente die gewraakte besluit in hierdie aangeleentheid geneem het, sou ek nie gehuiwer het nie om die beslissing tersyde te stel. Hierdie weg kan egter op hierdie tydstip nie sonder benadeling van die minderjarige kinders gevolg word nie.

Daar is 'n verdere oorweging wat my noop om die aansoek van die hand te wys. Dit is duidelik dat die eerste en tweede respondente reeds sedert 1996, met klaarblykbare

verontagsaming van die administratiewe voorskrifte, poog om die eerste applikant tot 'n parallelmedium skool te omskep. Mnr Dreyer het toegegee dat dit hoogs waarskynlik is dat die eerste en tweede respondente hierdie poging sal hervat indien die onderhawige aansoek sou slaag. Dit is in niemand se belang om die applikante en die leerders aan 'n herhaling van die proses bloot te stel nie.

Hoe onbevredigend die resultaat dus ook uit die oogpunt van die applikante, die administratiefreg en enkelmedium skole in die algemeen mag wees, moet die aansoek van die hand gewys word.

Dit laat die kwessie van koste vir beregting oor.

Die respondente se optrede is nie bo kritiek verhewe nie – eerste en tweede respondente het die bestaande administratiewe voorskrifte verontagsaam wat onder andere daargestel is ter beskerming van taal- en kulturbelange wat vir baie mense kosbaar is. Hulle het die onderhawige aansoek met mag en mening bestry, al moes hulle *ab initio* geweet het dat hul administratiewe optrede verkeerd was. Die houding wat die respondente inneem, gaan nie net mank aan 'n erkenning van die applikante se regte nie, maar ook aan respek vir die applikante se menings, aan eerbied vir die applikante se verknogtheid aan hulle taal en kultuur en verontagsaam die belange van die individuele leerders wat deur die respondente by hierdie proses betrek is. Die blote feit dat die hof dit nodig geag het om 'n *curatrix ad litem* vir die kinders aan te stel, is *per se* skerp kritiek op veral die respondente se optrede, alhoewel die applikante ook in 'n baie mindere mate, geneig was om meer aandag aan hul administratiewe regte as aan die leerders se belange te skenk.

In die lig van die voorgaande bestaan daar meer as voldoende rede om 'n bestrawwende kostebevel teen die respondente te maak.

****O****Ek maak die volgende bevel:

1. Die aansoek word van die hand gewys.
2. Die respondente word gesamentlik en afsonderlik, die een te betaal, die ander kwytgskeld te word, gelas om alle koste van hierdie aansoek, insluitende die koste verbonde aan die aanstelling van die kuratriese *ad litem* en haar fooie, op die skaal van prokureur en eie kliënt te betaal.
3. Die eerste en tweede respondente word verder gelas om die klas vir leerders met spesiale onderwysbehoefte by die eerste applikant in stand te hou so lank as wat die nasionale beleid ten aansien van sodanige leerders nie verander word nie en daar behoefte vir so 'n klas bestaan.
4. Die eerste en tweede respondente se onderneming om alle leerders in die eerste applikant van alle nodige onderwys-behoefte te voorsien, word genotuleer.

(Get) E BERTELSMANN

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Case No: 10246/2002

For the Applicants: Adv J I du Toit

Instructed by: Messrs Van Zyl Le Roux & Hurter Inc, Pretoria

For the Respondents: Adv J H Dreyer SC with Adv R Bedhesi

Instructed by: State Attorney

Heard on: 10/09/02

Date of judgment: 14 November 2002